
E205 - Rm 5:3-4: DIE OPWAARTSE SPIRAAL

E205

Die hooftema van die Romeinebrief is regverdiging deur die geloof alleen. Hoofstukke 5-8 behandel dan die onwankelbare en ewige sekuriteit van die geregverdigde in Christus (weliswaar word hoofstukke 6 en 7 gewy aan die aanspreek van probleme wat Paulus by sy lesers voorsien).

Hierdie stofblok oor die gelowige se sekuriteit begin Paulus deur allereers drie gevolge van regverdiging te noem – waarna ons reeds gekyk het.

Wat dan van al die swaar aanslae waardeur alle Christene tot 'n mindere of meerdere mate gaan? In ons teksverse toon die apostel, anders as wat 'n oningeligte dalk mag verwag, dat swaarkry nie 'n teken is van God se verwerping nie. En allermins sal dit die ware gelowige uit sy geloof uit skud. Inteendeel, die Here gebruik die krisis van hierdie lewe op 'n merkwaardige wyse in Sy dissipels se lewens. Hy gebruik dit om hulle geloofspiere te bou en om hulle hoop (waarin hulle volgens v.2 roem) net nog meer te laat groei.

Soos ons sal sien, is die swaarkry-ervaringe van hierdie lewe die stukragte in die opwaartse spiraal van ons toenemende gelykvormigheid aan die beeld van Christus.

Paulus weet hierdie is vir Christene 'n baie aktuele saak. Eerstens ervaar gelowiges dikwels meer en pynliker aanslae as die deursnee mens, bloot *omdat* hulle dissipels van Jesus is. En tweedens is daar altyd diegene wat hulle verlekter in Christene se swaarkry en nie kan wag nie om hulle te teister met die vraag: "Waar is jou God van liefde dan nou?"

VERSE 3-4 NADER BEKYK

Ons roem in ons swaarkry

□ In v.3 gebruik Paulus weer die woord "verheug", of beter vertaal met "roem", waarna ons reeds in v.2 gekyk het. Daar het ons gesien dat dit van meer as blydschap praat, dit dui op 'n bepaalde trots en sterk oortuigings. Dit praat van kop optel en bors uitstoot - beide hierdie verse in die goeie sin van die woord.

Dit is belangrik om te let op wat die apostel *nie* hier sê nie:

Hy sê nie bloot dat ons, wanneer ons swaarkry, nie moet *murmureer* nie. Hy sê nie dat ons dit bloot *gelate moet verdra* nie. Christenskap is nie Stoïsimisme wat met 'n filosofiese skouer-ophaal deur lyding gaan nie.

Hy sê ook nie dat ons *ten spyte van* swaarkry daarin roem nie. Die voorsetsel "in" (die swaarkry) kan beteken dat ons midde-in swaarkry roem, maar meeste kommentatore reken dat Paulus eerder wil sê dat ons *as gevolg of op grond daarvan* roem (Morris, p.220; 10).

Ons is dus nie skaam oor ons swaarkry nie; inteendeel, ons is trots daarop. Ons tel ons koppe op, kyk die aanslae vierkantig in die gesig en stap met ferm tred daardeur. En allermins verval ons in selfbejammering.

□ Wat is hierdie swaarkry? Paulus gebruik 'n sterk begrip wat dui op kragtige aanslae en swaar ontberinge.

Hy praat dus nie bloot van 'n bietjie ongerief nie. Sy Christenskap was nooit naïef of kinderagtig nie. Nooit sou hy van molshope berge maak nie. Hy was volwasse en voete op die grond; allermins sensasiebelus. Nooit blaas hy dinge op ter wille van vertoon of effek nie.

As mens die Nuwe Testament lees, raak dit gou duidelik dat Paulus hier veral dink aan lyding ter wille van Christus. Presies dít is die primêre rede waarom Christene daarin roem. Hulle swel van die trots om deel te hê aan Christus se lyding. Ja, dit hou vir ons

groot loon in eendag, maar wat kan 'n groter voorreg wees as om só saam met ons Here geskaar te word?

□ Om te roem in swaarkry, ontbering, lyding en vervolging ter wille van Christus, is 'n tema wat weer en weer in die Nuwe Testament aandag kry:

Luister na die Here Jesus in Mt 5: "Geseënd is dié wat vervolgd word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Geseënd is julle wanneer die mense julle *ter wille van My* beledig en vervolgd en valslik al wat sleg is van julle sê. *Wees bly en verheug*, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolgd".

Ons lyding ter wille van Christus is dus nie net 'n identifisering met Hom nie, maar ook met die res van Christus se liggaam - in hierdie geval die profete van die verlede - en dit dra verder by tot ons trots.

In Hd 5 lees ons hoe die apostels geslaan word. Maar hulle het van die Raad af weggegaan "*bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die naam van Jesus vernedering te ly*" (Hd 5:41).

In 2Kor 12 vertel Paulus van sy doring in die vlees. As die Here dan, na baie gebed, vir hom sê dat Sy genade genoeg is vir Paulus en dat Sy krag juis tot volle werking kom as Sy diensknegte swak is, gaan die apostel voort met hierdie belydenis: "Daarom sal ek baie liever oor my swakhede *roem*, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk" (9-10).

Kol 1:24, OAV: "Nou *verbly ek my* in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van *die verdrukkinge van Christus* vir sy liggaam, wat die gemeente is ...".

1Pt 4:13-14: "*Wees liever bly* hoe meer julle in die *lyding van Christus* deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlijkheid. *Geseënd is julle* wanneer julle beledig word *ter wille van die Naam van Christus*. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlijkheid behoort,

die Gees van God, op julle bly. (Vgl. ook 2 Kor 1:5-7; 4:8-11; Fl 1:29).

Dit sou egter 'n fout wees om te dink dat die Here net lyding en vervolging ter wille van Christus ten goede in ons lewens gebruik. Daar is ook ander Skrifuitsprake wat vir ons sê dat Hy elke stukkie swaarkry, maak nie saak wat nie, inspan om die beeld van Christus al hoe meer in ons te vorm.

In Rm 8 leer Paulus dat ons nie moet dink dat ons die regverdiging deur die geloof verloor het omdat ons steeds deel het aan die gebrokenhede van hierdie gevalle skepping nie - daardie dinge waaraan alle mense onderworpe is (8:19-22). Ons moet ook nie dink dat die skrikwekkende smarte waardeur ons soms in hierdie lewe moet gaan, ons van Christus se liefde kan skei nie (8:35-39). In hierdie konteks maak hy dan die troosryke uitspraak dat alles in die Christen se lewe heenwerk na die goeie toe (in die Grieks van "meewerk" (28) sit beweging) - nl. gelykvormigheid aan die beeld van die Seun (29).

Sekerlik het Paulus in die eerste instansie hier swaarkry ter wille van Christus in gedagte, maar dis ewe duidelik dat hy ook wyer as dit dink.

TOEPASSING

1. Hier het ek en jy 'n onfeilbare toets vir die egtheid van ons Christelike lewens.

Dis ongelukkig net 'n toets wat na verloop van jare as sodanig duidelik word. Hierdie spiraalgang is dikwels maar langsam.

As jy terugkyk, kan jy sien hoe jou swaarkry - jou beproewing, jou mislukkings, jou skades en skandes - jou beleënheid as Christen en jou verwagting op God se toekoms hoër en hoër gestu het? Is jy vandag taaier as 'n klompie jare gelede om die aanslae van hierdie lewe te hanteer? Raak jy net eenvoudig nie meer so maklik moedeloos, of ontnugter, of opstandig nie?

Tot watter mate bemeester jy die diepste geheim van Christelike volharding? Het jy deur die jare werklik dieper en dieper onder die indruk gekom van

jou eie onvermoë om die Here te dien en te verheerlik soos dit moet? Het jou bankrotenskap voor Hom jou algaande al hoe dieper in Christus laat "ingekruip"? Is jou oë vandag meer en intenser op Hom vasganael as ooit vantevore?

As jy hieroor peins, vul dit jou soms met verwondering dat die Here só met jou werk? As jy op een of ander manier ter wille van Christus ly - maak nie saak hoe of hoeveel nie - vul dit jou met trots om so met Hom geassosieër te wees?

Word jy soms in tye van beproewing gevul met 'n onuitspreeklike dankbaarheid oor jou erfenis as God se kind, en met 'n opgewondenheid oor die heerlike toekoms wat God vir jou voorberei het? Bedink jy dikwels die dinge daarbo? Dink jy met aangename afwagting aan die lewe na die dood?

Om hom op Christene se kennis te beroep, was tipies van die apostel. Hy doen dit weer en weer. Net in die Romeinebrief kan talle voorbeelde aangehaal word (2:18; 3:19; 6:3, 6, 9, 16; 7:1, 14; 8:22, 28; 11:2; 13:11). Dit herinner ons net weer daaraan dat die Christelike geloof 'n intellektueel-objektiewe, sinvolle en logiese inhoud het. Sonder kennis bly ons geestelike babas en uitgelewer aan elke misleiding wat ons pad kruis. Dis kardinaal belangrik om reg te dink. Ons word verander soos ons denke vernuwe raak (Rm 12:2). Ons is wat ons dink en glo. Geloof en hoop het inhoud!

□ Watter kennis stel ons in staat om in ons swaarkry te roem? Ons verstaan iets van God se weë met Sy kinders. *Ons weet dat swaarkry volharding kweek!*

Die begrip "volharding" dui op 'n aktiewe, kloekmoedige en vasbeslote aanhou onderweg na 'n doel, ten spyte van weerstand en struikelblokke. In buite-Bybelse Grieks word dit byvoorbeeld gebruik om 'n vegter te beskryf wat nie 'n duim agteruitwyk nie, wat net soveel uitdeel as wat hy ontvang, wat weier om moedeloos te raak, en wat tot die bittereinde vasbyt.

Oor en oor verseker die Skrif ons dat volharding tot die einde toe 'n voorvereiste is vir uiteindelijke

redding. Die lewe van geloof is 'n wedloop en net oorwinnaars word beloon. Dit lê dus voor die hand dat hierdie kwaliteit, volharding, goud werd is vir 'n dissipel van Jesus. Dit is tewens onontbeerlik.

Maar dit gaan oor meer as uiteindelijke redding. Om blywende vrug voort te bring in ons dienswerk, verg dikwels uiterste volharding. Meestal kom dit nie oornag nie. Die groot sendeling, William Carey, het gemeen dat aanhouvermoë sy beste eienskap was in die uitlewing van sy roeping. "I can plod", het hy gesê.

Omdat ons hier met 'n lakmoestoets van egtheid te doen het, is dit meteen ook duidelik waarom min dinge 'n valse belydenis en geloof so duidelik uitwys as swaarkry, teëspoed en beproewing. Terwyl lewensaanslae die ware gelowige steeds hoër laat sweef, raak die onegte in opstand. Gou-gou slinger hy sy verwyte hemel toe: "Waar is die God van liefde dan nou!"

2. Hier het ek en jy 'n aanmaning om geduldig te wees onder die Here se vormende hand.

Terwyl min van ons regtig vreeslik swaarkry in hierdie lewe, terwyl baie van ons beswaarlik kan dink aan skades en skandes op ons pad tot hier - laat ons met nuwe ywer en radikaliteit ons kruise van dissipelskap opneem, vergeet wat agter lê (in die sin wat Paulus dit bedoel het), en ons uitstrek na wat voor lê, nl. die hemelse prys waartoe God ons geroep het in Christus Jesus. En as interim aanmoediging sal ons voete volgende jaar die tyd op hoër grond wees, ongeag hoe steil ons spiraal ook al is, al dan nie.

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 696 6526, 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906